



trotse
OOSIE



2025

Gr 10

Kies
jou vakke



Oosies

VAKINLIGTINGSGIDS



AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

*Waar denke én
hart gevorm word*

#Studietuiste

www.akademia.ac.za



Profies

Welkom Gr9



Mnr. HJ van Aswegen
Departementshoof: LO

Welkom tot 'n opwindende fase van jou skoolloopbaan! Die keuses wat jy hier maak, sal 'n padkaart na jou toekomstige beroep en passies wees. Hierdie boekie is ontwerp om jou te help om inligting te kry oor verskeie vakke en moontlike loopbaankeuses, sodat jy 'n ingeligte en weloorwoë besluit kan neem.

Ons moedig jou aan om elke vak se inhoud te verken, jou belangstellings te ontdek en jou sterkpunte te ontwikkel.

Dit is jou pad na sukses - begin vandag deur te leer en te verken!

Inhoud



A. Algemene inligting 5-6

1. Verpligte vakke in die VOO-fase
2. Minimum slaagvereistes
3. Keusevakke aangebied deur Oos-Moot
4. Addisionele vakke
5. Vakveranderings
6. Toelating tot Hoë onderwysinstellings
7. TPT – Toelatingspunte telling

B. Departementshoofde 9-10

C. Keuse van vakke (kies 3)

1. Besigheidstudies 12
2. Ekonomie 13
3. Fisiese Wetenskappe 14
4. Gasvryheidstudies 15
5. Geografie 16
6. Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) 17
7. Inligtingstegnologie (IT) 18
8. Lewenswetenskappe (Biologie en Fisiologie) 19
9. Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) 20
10. Rekeningkunde 21
11. Toerisme 22
12. Verbruikerstudies 23
13. Visuele Kuns 24
14. Wiskunde 25
15. Wiskundige Geletterdheid 26

Algemeen

A



Vakkeuses:

Algemene Inligting

1. VERPLIGTE VAKKE IN DIE VOO-FASE

'n Leerder is verplig om die volgende vakke in die VOO-fase (Verdere Onderwys en Opleiding), vanaf graad 10 tot 12, te neem:

1. Afrikaans Huistaal
2. Engels Eerste Addisionele Taal
3. Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid
4. Lewensoriëntering

SAAM MET enige **DRIE** keusevakke wat deur Oos-Moot aangebied word.

2. MINIMUM SLAAGVEREISTES

Die minimum slaagvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat is die volgende:

- Afrikaans Huistaal – 40%
- Nog TWEE vakke – 40%
- Enige ander DRIE vakke – 30%

3. KEUSEVAKKE AANGEBIED DEUR OOS-MOOT

Let op die volgende:

- Fisiese Wetenskap MOET saam met Wiskunde geneem word.
- Inligtingstegnologie (IT) MOET saam met Wiskunde geneem word.
- Inligtingstegnologie (IT) kan saam met Rekenaartoevoegingstegnologie (RTT) geneem word.
- Gasvryheidstudies en Verbruikerstudies mag nie saam geneem word nie.
- Leerders wat Wiskunde kies, moet in graad 9 'n rapportpunt (Junie-rapport) van ten minste 50% hê.
- 'n Leerder moet ten minste 40% (3) aan die einde van graad 9 in 'n vak behaal om dit in graad 10 te kies.
- Minstens 30 leerders moet 'n vak kies alvorens dit aangebied sal word.

VAKKE AANGEBIED BY OOS-MOOT

- Besigheidstudies
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskap
- Gasvryheidstudies (Hotelhouding en spyseniering)
- Geografie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO)
- Inligtingstegnologie (IT)
- Lewenswetenskap (Biologie en Fisiologie)
- Ontwerp (Onderhewig aan goedkeuring)
- Rekenaartoevoegingstegnologie (RTT)
- Rekeningkunde
- Toerisme
- Verbruikerstudies
- Visuele Kuns

4. ADDISIONELE VAKKE

- 'n Leerder wat 'n addisionele vak(ke) wil neem moet in graad 9 en daarna deurgaans 'n gemiddeld van 80% behaal.
- Die leerder moet die vakke wat addisioneel geneem word, vanaf graad 10 tot 12 neem. (Geen jaar mag oorgeslaan word nie.
- Leerders mag dus nie voor hul matriekjaar die vakke as matriekvakke afskryf nie. Alle portefeuljewerk en assesseringsvereistes is ook op die addisionele vakke van toepassing soos wat dit op die vakke wat in die gewone roosterure geneem word, van toepassing is.
- Navrae kan aan die onderskeie departementshoofde gerig word ten opsigte van kostes en vereistes. E-posadres vir die departementshoofde is beskikbaar op die skool se webtuiste by <https://www.oos-moot.co.za/personeel-2/>

5. VAKVERANDERINGS

LET WEL: BELANGRIK

Indien 'n leerder (u kind) op 'n later stadium (vir watter rede ook al) vakke wil verander, sal dit onderhewig wees aan die beskikbaarheid van plek in die spesifieke vak.

'n Leerder mag slegs TWEE vakke verander van graad 10 tot en met graad 12.

6. TOELATING TOT HOËR ONDERWYSINSTELLINGS

Vir graadstudie (Universiteitstoelating)

- 50% in vier van die vakke (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Moet 40% in Afrikaans Huistaal behaal.
- Bepaalde fakulteitsvereistes is van toepassing.

Vir diplomastudies

- 40% in enige vier Nasionale Seniorsertifikaatvakke (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Moet 40% in Afrikaans Huistaal behaal.
- Moet 30% in Engels Eerste Addisionele Taal behaal – 30% in ander vak.
- Keuring is by sekere kursusse van toepassing.
- Elke kursus het sy eie toelatingsvereistes en verander van jaar tot jaar.
- Sommige kursusse verlang 'n toelatingstoets/onderhoud/portefeulje.
- TUT bied ook 'n graadkursus: B.Tech, M.Tech en D.Tech in verskeie rigtings aan.
- 4 Vakke - 50 tot 59% (4) is 'n vereiste.

Vir sertifikaatstudies

- 40% behaal in Afrikaans Huistaal.
- 40% twee ander vakke.
- Moet ten minste 30% in drie ander vakke behaal.

Let wel

Wanneer die TPT bereken word, word drie verpligte vakke (LO uitgesluit) en drie keusevakke uit die totale vaklys in berekening gebring. Die prestasievlakpunte moet vir die TPT-totaal bymekaar getel word.

**WAAR TOEKOMSTIGE
LOOPBANE GEVORM
EN ONTWIKKEL
WORD VIR SUKSES.**



www.potchacademy.co.za



TEGNIESE-KWALIFIKASIES

- DIESELWERKTUIGKUNDE
- ELEKTRIES
- GEREEDSKAPMAKER
- VERVOER-ELEKTRIES (OUTO-ELEKTRIES)
- SWEIS
- MEGATRONIKA
- MEULMAKER
- PAS-EN-DRAAI

NIE-TEGNIESE-KWALIFIKASIES

- DATA-EN-WOLK
- KUBERSEKURITEIT
- IT-ONDERSTEUNING EN -NETWERKE
- VROEÛKINDERJARE ONTWIKKELING

**TOELATINGS-
VEREISTES**



Departementshoofde

B



Profies

Departementshoofde



Mr. Andries Stolp
Departementshoof: Wetenskap



Mr. HJ van Aswegen
Departementshoof: LO



Me. Christelle Venter
Interne Departementshoof: Wiskunde



Me. Melani Grové
Interne Departementshoof: Afrikaans



Me. Tinkie Stolp
Departementshoof: Engels



Me. Nelmarie Viljoen
Departementshoof: Tegnies

Profies Departementshoofde



Me. Annene Barnard
Interne Departementshoof: Gasvryheids
& Verbruikers



Me. Natasja Pfeil
Interne Departementshoof: RTT & IT



Me. Tzana Hemmens
Interne Departementshoof: Ekonomie,
Besigheids en Rekeningkunde

Keuse van vakke

C



1. Besigheidstudies
2. Ekonomie
3. Fisiese Wetenskappe
4. Gasvryheidstudies
(Hotelhouding en spyseniering)
5. Geografie
6. Ingenieursgrafika- en ontwerp (IGO)
7. Inligtingstegnologie (IT)
8. Lewenswetenskappe
(Biologie en Fisiologie)
9. Rekenaartoepassingstegnologie
(RTT)
10. Rekeningkunde
11. Toerisme
12. Verbruikerstudies
13. Visuele Kuns
14. Wiskunde
15. Wiskundige Geletterdheid

BESIGHEIDSTUDIES

In die vak Besigheidstudies word leerders geleer hoe om modelle en teorieë in verband met sakebestuur, leierskap, kreatiewe denke, die hantering van konflik en vele meer toe te pas.

VOORVEREISTES

Geen.

AARD & INHOUD

Aangesien entrepreneurskap in 'n maatskappy net volhoubaar kan wees as die bestuurders/eienaars 'n voorbeeld van eerlikheid en lojaliteit is binne en buite die maatskappy, word hierdie waardes voorop gestel.

Leerders word as toekomstige eienaars/bestuurders van ondernemings gesien en word geleer om altyd alle werkers met respek te behandel en te sorg dat die onderneming volhoubaar bly op ekonomiese-, omgewings en maatskaplike terreine.

VAKWAARDE EN IMPAK

Die kennis wat in hierdie vak opgedoen word is prakties en toepaslik in alle aspekte van hulle lewe, nou en in die toekoms. Besigheidstudies berei jou voor vir die regte lewe daarbuite

Die vak bied leerders die kennis om:

- werkseleenthede te skep en kreatief probleme op te los;
- kanse te waag en die regte van ander te respekteer;
- basiese leiers- en bestuursvaardighede toe te pas;
- sakeplanne op te stel en te evalueer;
- arbeidswetgewing korrek te kan implementeer.

BYKOMENDE INLIGTING

Besigheidstudies is 'n leervak.
Daar is geen praktiese komponente nie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- BCom
- BCom Rekeningkunde
- Inligtingbestuur
- Toerisme
- Beleggings-bestuur
- Bemarking
- Menslike hulpbronne
- Ondernemingsbestuur

EKONOMIE

Ekonomie is die studie van die metodes wat individue, besighede, owerhede en ander organisasies in die gemeenskap kies om hulle onbeperkte begeertes en behoeftes met die beperkte hulpbronne tot hulle beskikking te bevredig.

VOORVEREISTES

Wiskunde as 'n vak, goeie leesbegrip en taalvaardighede.

AARD & INHOUD

Ekonomie is gestruktureer om die kennis, vaardighede, houdings en waardes te ontwikkel wat nodig is om leerders in staat te stel om by te dra en te oorleef in 'n komplekse ekonomiese gemeenskap.

VAKWAARDE EN IMPAK

Die vak Ekonomie bestudeer die produksie, verbruik en handel vanuit makro- en mikro-ekonomiese perspektiewe. Daar word gefokus op die primêre-, sekondêre- en tersiêre sektore en sluit ook die volgende ekonomiese kwessies in:

- Armoede
- Besteding van inkomste, groei en ontwikkeling, werkloosheid
- Inflasie
- Globalisering
- Respek vir omgewing en werkloosheid

BYKOMENDE INLIGTING

Aankoop van werkboek sal vereis word.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- BCom
- Bcom Rekeningkunde
- Inligtingbestuur
- Toerisme
- Beleggingsbestuur
- Bemarking
- Menslike hulpbronne
- Ondernemingsbestuur

FISIESE WETENSKAP

VOORVEREISTES

Wiskunde as vak

AANBEVELING: Wiskunde- en Wetenskappunt moet in beide vakke ten minste 50% of hoër wees.

AARD & INHOUD

Fisiese Wetenskappe konsentreer op die holistiese ontwikkeling van die leerder deur ondersoek in te stel na die fisiese en chemiese verskynsels van die wereld rondom ons. Die vak strewende daarna om 'n wetenskaplike denkwysie by die leerder tuis te bring en probleemoplossing te ontwikkel.

VAKWAARDE EN IMPAK

Begrip van natuurwette en verbeterde probleemoplossing en kritiese denke.

BYKOMENDE INLIGTING

Aankoop van eie werkboekke.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Ingenieurswese
- Onderwys
- Mediese rigtings
- Ambagsman
- BSc-rigtings
- Konstruksiebestuurder
- Vlieënier

GASVRYHEIDSTUDIES

(Hotelhouding en spyseniering)

VOORVEREISTES

Kreatiwiteit met 'n passie vir kook en onthaal sal voordelig wees.

AARD & INHOUD

Dié vak sluit teoretiese- en praktiese komponente van voedsel-, drankvoorbereiding en bediening in deur die beginsels van veiligheid, higiëne en die estetiese toe te pas. Al die sektore van die gasvryheidsbedryf word in hierdie vak gedek.

Leerders kry die geleentheid om te leer hoe om gevorderde geregte voor te berei en esteties te garneer sodat dit restaurantgehalte disse is. Restaurantaande is 'n groot deel van Gasvryheidstudies. Verskillende rolle (byvoorbeeld kelner, sjef, aboyer, hoofkelner en so voorts) word gevul deur Gasvryheidstudies-leerders. Hier word unieke "soft skills" soos spanwerk, krisisbeheer en kliënteverhoudings geleer.

VAKWAARDE EN IMPAK

Leerders ontwikkel gevorderde kulinêre vaardighede wat hulle goed voorberei vir 'n loopbaan in hierdie veld. Die hantering van gaste, probleme en spanwerk berei leerders voor om te presteer in die lewe na skool.

BYKOMENDE INLIGTING

Leerders benodig 'n volledige sjefsuniform om hul veiligheid te verseker tydens praktiese.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Sjef/Kelner
- Hotel- of restaurantbestuurder
- Franchise eienaar
- Dieetkundige
- Kosredakteur

GEOGRAFIE

VOORVEREISTES

Geen.

AARD & INHOUD

Geografie is 'n wetenskap wat 'n studie maak van die aarde se oppervlak, sy vorm, fisiese eienskappe en klimaat asook die natuurlike en politieke verdelings.

VAKWAARDE EN IMPAK

Geografie stel leerders in staat om prosesse en ruimtelike patrone te verduidelik, om sodoende ingeligte besluite in konteks te maak, om krities en kreatief 'n volhoubare lewe te kan handhaaf, om normes en waardes wat 'n invloed het op die omgewing te herken en om geografiese vaardighede en tegnieke toe te pas.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Kaart- en Fotovertolking
- Weerkundige
- Kartograaf
- Vlieënier
- Stads- en Streeksbeplanner
- Grondkundiges
- Kartograwe
- Landelike kommersiële en residensiële landmeter
- Omgewingskonsultant
- Geografiese inligtingstelseldienste
- Geografie onderwyser
- Marine Bioloog
- Geoloog
- Argeoloog

INGENIEURSGRAFIKA- & ONTWERP (IGO)

VOORVEREISTES

Daar is geen voorvereistes nie, maar die leerder moet wel 'n passie vir teken hê. Dit is nie kuns of ontwerp nie.

AARD & INHOUD

Ingenieurgrafika- en ontwerp (IGO) leer internasionaal erkende beginsels wat beide akademiese en tegniese toepassings het. Die klem in IGO is op spesifieke basiese kennis, verskeie tekenegnieke en vaardighede. Die IGO leerders word in staat gestel om tekeninge te interpreteer en te produseer binne die konteks van meganiese tegnologie, siviele tegnologie en elektriese tegnologie.

VAKWAARDE EN IMPAK

- Grafiese tekeninge is die primêre manier van kommunikasie in die tegnologiese wêreld.
- Spesifieke basiese inhoud en konsepte binne die konteks van meganiese tegnologie, siviele tegnologie en elektriese tegnologie.
- Verskeie instrument en vryhand tekenegnieke en vaardighede
- Tegnologiese probleemoplossing deur grafiese tekeninge. Die toepassing van die ontwerp proses. Implementering van CAD (Computer Aided tekeninge/Design) as 'n tekenmetode.

BYKOMENDE INLIGTING

Benodighede vir IGO

- Groot sluitkas
- Tekengereedskap en A3 tekenbord

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Argitektuur
- Interieurontwerp
- Mediese tegnikus
- Die meeste velde van Ingenieurswese (bv. siviele, meganiese, lugvaart, maritieme, landbou, mynbou, ens.)
- Industriële ontwerper
- Geboubestuur
- Stadsbeplanner
- Landmeter
- Grafiese illustreerder
- Juweliersware-ontwerper
- Tekenaar "Draughts man" (bv. staalstruktuur)
- Tegnikus

INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT)

VOORVEREISTES

Wiskunde as vak.

- 24 uur toegang tot 'n rekenaar.
 - Engelse terminologie (sal help as Engels goed verstaan word).
 - 'n Uur of meer 'n dag beskikbaar om aan vak te spandeer.
- AANBEVELING: Wiskundepunt in graad 9 moet hoër as 60% wees.

AARD & INHOUD

TEORIE – GRAAD 10 TOT 12 PRAKTIES – GRAAD 10 TOT 12

- Rekenaartoerusting en sagteware • MS Access Databasis
- Nuwe en toekomstige tegnologie • Delphi-program
- Netwerke • SQL
- Stelselprogrammatuur • Algoritme ontwerp
- E-kommunikasie • Datastrukture
- Sosiale implikasies van die rekenaar • Bestuur van informasie
- Probleemoplossing en formulering
- Databasis-ontwerp

VAKWAARDE EN IMPAK

- Leerlinge met 'n IT-agtergrond het 'n voordeel in die arbeidsmark waar digitale vaardighede hoog op prys gestel word.
- Die vermoë om IT-probleme op te los is 'n waardevolle bate in bykans enige beroep.
- IT maak dit moontlik om maklik toegang tot 'n groot hoeveelheid inligting en kennis te kry, wat navorsing en leer bevorder.
- Dit ondersteun lewenslange leer en selfontwikkeling.
- Kennis van IT kan produktiwiteit verhoog deur doeltreffende gebruik van rekenaars en sagteware in werk en alledaagse take.
- Dit help met die outomatisering van roetine take, wat tyd en hulpbronne bespaar.

BYKOMENDE INLIGTING

ASSESSERING

SBA (75%)

PAT (25%)

EKSAMEN (Junie & November)

- Vraestel 1 (Delphi Prakties)
- Vraestel 2 (Teorie)

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

IT kan in enige beroepsomgewing gebruik word.

- IT-tegnikus
- Ondersteuningspesialis
- Webontwikkeling
- Rekenaarprogrammeerder
- Stelselontleder
- Netwerkingenieur
- Onderwys

LEWENSWETENSKAPPE

VOORVEREISTES

Ten minste 50% en hoër vir Natuurwetenskap aan die einde van graad 9.

AARD & INHOUD

Die vak oor die LEWE self! Hierdie vak help leerders om hul eie liggame en die omgewing beter te verstaan.

VAKWAARDE EN IMPAK

Begrip van lewende stelsels en ekologiese verhoudings. Bydrae tot gesondheid, omgewingsbewaring, en mediese en landboukundige vooruitgang deur navorsing en innovasie in biologie en ekologie.

BYKOMENDE INLIGTING

Leerders moet 'n wetenskaplike ingesteldheid en aanleg hê om die moeilikheidsgraad en volume werk te bemeester. Leerders moet ook belangstel in die natuur en sy lewende organismes.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Mediese wetenskappe
- Plant- en dierkunde
- Omgewingswetenskappe
- Ekologie en ekotoerisme
- Biotegnologie
- Forensiese wetenskappe
- Fisioterapie en arbeidsterapie
- Optometrie
- Sportwetenskappe
- Tuinboukunde
- Skoonheidstegnologie
- Dieetkunde
- Onderwys

Rekenaartoepassingstechnologie (RTT)

REKENAARTOEPASSINGSTECHNOLOGIE (RTT)

VOORVEREISTES

Basiese Rekenaarvaardighede: Leerlinge behoort 'n basiese begrip van rekenaars en hoe om dit te gebruik te hê.

Goeie Wiskundige Grondslag: 'n Soliede grondslag in Wiskunde is dikwels nuttig aangesien sommige aspekte van RTT wiskundige logika vereis.

AARD & INHOUD

In hierdie toekomsgerigte vak word die volgende geleer:

- Kennis van sagteware, hardeware en netwerke;
- Kantoorpraktyk (liassing, proeflees, organisasie);
- Insleutel, uitleg en druk van dokumente (akkuraat weergee – tik);
- Redigering (korrigeer);
- Kreatiewe denke (voorleggings);
- Integrering van programme;
- Teorie 50% en prakties 50%.

VAKWAARDE EN IMPAK

- Leerlinge met 'n sterk agtergrond in RTT het 'n mededingende voordeel op die arbeidsmark deur hul gevorderde rekenaarvaardighede en pragmatiese toepassings.
- Dit stel hulle in staat om 'n verskeidenheid beroepe uit te voer wat rekenaargebaseerde vaardighede vereis.
- RTT fasiliteer die effektiewe kommunikasie deur e-pos, sosiale media, en virtuele samewerkingsplatforms.
- Dit verbeter samewerking en projekbestuur vaardighede wat noodsaaklik is vir suksesvolle werksomgewings.
- Leerlinge ontwikkel 'n begrip vir tegnologiese innovasies en die impak daarvan op die samelewing en die werkplek.
- Dit moedig innoverende denke aan en berei leerlinge voor om toekomstige tegnologiese uitdagings aan te spreek.

BYKOMENDE INLIGTING

ASSESSERING

SBA (75%)

PAT (25%)

EKSAMEN (Junie & November)

- Vraestel 1 (Prakties)
- Vraestel 2 (Teorie)

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

RTT kan in enige beroepsomgewing gebruik word.

- Kantoorassistent
- Aktetiekster
- Joernalis
- Skakelwese
- Reklame
- Uitgewer
- Onderwys
- Bankwese

REKENINGKUNDE

Rekeningkunde is die “taal” van die sakewêreld – dit is ’n gespesialiseerde kommunikasie-medium vir finansiële inligting.

VOORVEREISTES

Wiskunde slaag met 50% en meer.

AARD & INHOUD

Rekeningkunde behels eerstens die logiese, sistematiese en akkurate boekstaving van finansiële transaksies en inligting. Daarna volg die opstel, ontleding en vertolking van finansiële verslae en state vir sinvolle besluitneming.

VAKWAARDE EN IMPAK

Rekeningkunde ontwikkel ’n vaardigheid waarvan die grondslagbeginsels toerekenbaarheid en deursigtigheid en etiese gedrag is. Die vak Rekeningkunde berei leerders voor om die basiese eise van ’n rekeningkundige beroep met selfvertroue te kan hanteer.

BYKOMENDE INLIGTING

Moontlike aankoop van werkboek kan vereis word.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

Rekeningkunde is vir ’n B.Com-graadkursus ’n verpligte vak in die eerste jaar en vir die meeste B. Com grade ook een van die hoofvakke tot in die derdejaar en verder.

TOERISME

Opwindend, relevant, interessant en beroepsgerig.

VOORVEREISTES

Geen.

AARD & INHOUD

Dit gaan oor die verwagtinge en impak van toerisme.

In hierdie praktiese vak word 9 aspekte aangeraak naamlik:

- Toerisme sektore (vervoer, akkommodasie ens.)
- Toerbeplanning en tydsones
- Toeriste attraksies. (SA, SADC en bekende wêreldattraksies)
- Verantwoordelike en volhoubare toerisme
- Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme.
- Kultuur en erfenis toerisme
- Buitelandse geld en tydsones
- Kommunikasie en kliëntediens
- Bemarking

VAKWAARDE EN IMPAK

Die vak is 'n studie van die aktiwiteite, dienste en industrieë wat 'n reiservaring bied.

BYKOMENDE INLIGTING

Praktiese assesserings komponent wat die leerders ook moet doen. Praktiese assesseringstaak (PAT) moet voltooi word.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Restaurante en toeriste attraksies
- Toergidse
- Toerisme kommunikasie
- Opleiding
- Lughawens, treine en bote
- Natuurbewaring
- Gemeenskapsontwikkeling
- Bemarking

VERBRUIKERSTUDIES

VOORVEREISTES

Geen.

AARD & INHOUD

Verbruikerstudies is 'n dinamiese vak wat leerders se lewens verryk. 'n Wye verskeidenheid onderwerpe word behandel. Leerders word geleer hoe om winsgewende entrepreneurs te wees; die verantwoordelike bestuur van geld deur middel van beleggings; die impak van inflasie, belasting en rentekoerse op verbruikers se spanderingspatrone; die identifisering en bestuur van voedselverwante gesondheids-toestande; die nutriëntwaarde van verskillende voedsel; binnenshuis ontwerp; modesiklusse- en ontwerp en nog vele meer. Leerders kry die geleentheid om praktiese voedselvoorbereidingopleiding te ontvang in Hoërskool Oos-Moot se pragtige kombuis tydens opwindende praktiese sessies gedurende die kwartaal. Items soos kaneelrolletjies, kaaskoek, botterbroodjies en sjokolade mousse word voorberei tydens die onderskeie prakties.

VAKWAARDE EN IMPAK

Leerders kry die geleentheid om te ontwikkel tot afgeronde volwassenes wie daagliks goed ingeligte besluite kan neem. Lewenskennis word opgedoen wat help met die alledaagse lewe na skool.

BYKOMENDE INLIGTING

Leerders benodig 'n volledige sjefsuniform om hul veiligheid te verseker tydens praktiese.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

- Dieetkunde
- Interieurontwerp (Binne-ontwerp van geboue)
- Mode-ontwerp
- Aankoper van voedsel, klere of interieurprodukte vir winkels
- Entrepreneurskap (Klein sakeondernemings)
- Kullinêre wetenskaplike
- Produktontwikkeling
- Voedsel- en drankbestuurder
- Bemerkingsbestuurder

VISUELE KUNS

Visuele Kunste behels die studie en beoefening van kreatiewe uitdrukkingsvermoë in die vorm van kunswerke. Dit fokus op die ontwikkeling van tegniese vaardighede, estetiese waardering en kritiese denke. Studente verken verskeie kunsstylperiodes en leer om hul eie artistieke stem te ontwikkel.

VOORVEREISTES

Basiese tekenvaardighede. Selfdissipline en toewyding om praktiese opdragte en eksamens te voltooi. Belangstelling in kuns en kunsgeiedenis.

AARD & INHOUD

Fokus op die ontwikkeling van kreatiewe en tegniese vaardighede deur verskeie teken en skilder mediums te verken. Studente leer oor kunsgeiedenis en -teorie, verken verskeie kunsstylperiodes, en ontwikkel 'n kritiese begrip van visuele kultuur. Hulle werk aan projekte wat hul eie artistieke stem en persoonlike styl bevorder, en neem deel aan besprekings en evaluerings van kunswerke.

Daar is 'n teoretiese en 'n praktiese komponent.

Leerders volooi kwartaalliks 'n praktiese opdrag en lê ook teorie toetse af. Praktiese eksamens vind twee maal per jaar plaas.

VAKWAARDE EN IMPAK

Kreatiewe uitdrukking en kritiese denke. 'n Plek waar studente uiting kan gee aan hul emosies en gevoelens. Persoonlike ontwikkeling deur hulself te verryk, geduld en deursettingsvermoë te bevorder. Verbreed studente se kulturele bewustheid.

BYKOMENDE INLIGTING

Vereis die aankope van verskeie mediums insluitend grafietpotlode, verf, oliepastelle, houtskool, ens.

Aankope van ander gereedskap wat benodig sal word soos esels, kwasse, skilderdoeke, ens.

Deelname aan die jaarlikse kunsuitstalling.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

Studierigtings: BA Interaktiewe Ontwerp, BSc Argitektuur, BSc Interieur Argitektuur, BA Visuele Kommunikasie, BA Inligtingsontwerp, BA Beeldende Kunste.

Beroepsmoontlikhede:

- Visuele kunstenaar
- Grafiese ontwerper
- Argitek
- Fotograaf
- Tekstielontwerper
- Binnehuisversierder
- Kurator
- Kunsredaktrise
- Onderwyseres
- Kledingontwerp

WISKUNDE

“The study of mathematics begins in minuteness but ends in magificence”

- Charles Caleb Colton

VOORVEREISTES

’n Leerders moet ten minste 60% vir Wiskunde in Graad 9 kry om Wiskunde in Graad 10 te neem.

Wiskunde is ’n vak wat selfdisipline, harde werk, volharding, verantwoordelikeheidsin, syfervaardigheid en logika vereis.

AARD & INHOUD

Wiskunde Leeruitkomst

Vraestel 1

Algebra en vergelykings, Getalle en getalpatrone, Finansiële Wiskunde, Funksies en grafieke, Waarskynlikheid, Differensiasie

Vraestel 2

Datahantering, Analitiese Meetkunde, Trigonometrie, Euklidiese Meetkunde, Ruimte, vorm en meting.

VAKWAARDE EN IMPAK

Wiskunde bevorder kreatiewe- en logiese denke oor probleme in ons alledaagse lewe en in die konteks van Wiskunde. Wiskunde stel leerders in staat om te kommunikeer deur beskrywings, grafieke, simbole, tabelle en diagramme.

Wiskundige bevoegdheid stel mense in staat om by te dra tot persoonlike-, sosiale-, wetenskaplike- en ekonomiese ontwikkeling. Modelling in Wiskunde speel ’n groot rol en sal leerders in staat stel om hulle wêreld te beskryf deur middel van wiskundige tegnieke.

BYKOMENDE INLIGTING

Sonder ’n sterk fondasie (dit is die werk wat in Graad 8 en 9 behandel is) sal ’n leerder baie swaar trek en heel moontlik nie Wiskunde in Graad 10 slaag nie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

Universiteite vereis sekere prestasievlakke vir spesifieke studierigtings:

- Vir alle kursusse wat Wiskunde vereis, moet ’n prestasievlak van 4 (50-59%) en hoër behaal word.
- Alle BCom.-kursusse vereis ’n TPT-telling van meer as 24 met Wiskunde ’n 4 (50-59%) vir gewone BCom. Ander Bcom.- rigtings vereis ’n 5 (60-69%) vir Wiskunde.
- Fakulteit Geneeskunde vereis ’n 4 (50-59%) vir beide Wiskunde en Fisiese Wetenskappe, plus ander keuringsvereistes.
- Ingenieurswese se minimum vereiste vir Wiskunde is 7 (80-100%)
- Argitektuur se minimum vereiste vir Wiskunde is 'n 4 (50-59%)
- Alle BSc.-kursusse vereis ’n 4 (50-59%) behalwe die rekenaarrigtings en alle wiskunderigtings wat ’n 5 (60-69%) vereis.

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

“Education is not the learning of facts, but the training of the mind to think.”

- Albert Einstein

VOORVEREISTES

Geen voorvereistes nie.

AARD & INHOUD

Wiskundige Geletterdheid Onderwerpe:

- Patrone, verhoudings en grafiese voorstelling
- Finansiële Wiskunde
- Planne, kaarte, volume, area en omtrek
- Meting
- Datahantering en waarskynlikheidsleer

VAKWAARDE EN IMPAK

Wiskundige Geletterdheid verskaf aan leerders die vermoë om die rol wat Wiskunde in die moderne wêreld speel, te begryp. Die vak streef daarna om die leerder in staat te stel om Wiskunde in die alledaagse lewe toe te pas en logiese afleidings te kan maak.

Dit bevorder die vermoë om selfstandig te dink en alledaagse probleme krities te analiseer en op te los. Die insluiting van Wiskundige Geletterdheid as 'n verpligte vak in die VOO-fase, sal verseker dat toekomstige burgers beter algemene probleem-oplossers sal wees met die eienskappe en vaardighede wat noodsaaklik is in enige beroep.

BYKOMENDE INLIGTING

Die waarde van Wiskundige Geletterdheid word oor die algemeen onderskat. Die wiskundige vaardighede wat behandel word rus leerders toe om onder andere geskikte keuses te maak, 'n begroting op te stel, jou persoonlike inkomstebelasting te bereken en die rente op 'n lening te bereken.

BEROEPSMOONTLIKHEDE EN STUDIERIGTINGS

Verskeie BA-grade; Regte / LLB; Besigheidsbestuur en verskeie besigheidsrigtings;
Bemarking, Onderwys, Gasvryheid, Teologie, Grafiese ontwerp, Kunste, musiek en dans, Fotografie, Somatologie en skoonheidsterapie.

Alle rigtings behalwe medies, ingenieurswese en argitektuur. Arbeidsterapie, Spraakterapie en Audiologie word wel by sekere universiteite uitgesonder.



30 YEARS OF *Creative Excellence*

The **Open Window** is a South African private higher education institution offering *undergraduate and postgraduate qualifications* within the **Film and Animation Arts, Game Design and Development, Creative Technologies and Visual Communication** fields.

DEGREE QUALIFICATIONS

Bachelor of Arts:

VISUAL COMMUNICATION DESIGN

- + Communication Design
- + Illustration
- + Photography

Bachelor of:

CREATIVE TECHNOLOGIES

- + Industrial Design
- + User Experience Design
- + Interactive Development

Bachelor of:

FILM ARTS

- + Sound Design
- + Production Design
- + Screen Acting
- + Screenwriting
- + Film & Television

Bachelor of:

FILM ARTS (ANIMATION ARTS)

- + Game Design
- + Motion Design
- + 3D Animation

POSTGRADUATE QUALIFICATIONS

Bachelor of Arts Honours in:

VISUAL COMMUNICATION

RELEVANT TO THE STUDENT WANTING TO:

- + further their academic trajectory
- + gain independent research experience
- + expand their portfolio

Postgraduate Diploma in:

CREATIVE PRACTICE

RELEVANT TO THE STUDENT WANTING TO:

- + develop their specialisation
- + gain skills in an additional practical field
- + develop foundational creative business practice knowledge

PICK A CAMPUS:

STELLENBOSCH CAMPUS

1 Distillery Road, Oude Molen,
Stellenbosch - South Africa

CENTURION CAMPUS

John Vorster Drive Ext. East,
Southdowns, Irene - South Africa

Chat with a **Student Advisor** for assistance with **Career Guidance & Workshops** [here](#) →



OPENWINDOW.CO.ZA

